'n 24/7 dienende gemeenskap

www.nglynnwood.co.za

Lynnwood Gemeente

30 Julie 2017

09:00 Erediens
Eric Scholtz

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk!
Welkom terug –
ons hou springmieliefees!

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr kategese)
Jakkie Strachan
Bruilof in Kana

19:00 Belydenisklas
Om met wysheid te leef (Grootgroep)

☞ Seekamp 2 – 7 Okober 2017!
Inskrywings sluit 31 Julie 2017. Vorms beskikbaar by die Info-toonbank, die kerkkantoor, Liani of Fay (083 478 0854).

---

6 Augustus 2017

09:00 Erediens – Doop
Peet Crous – Poppekas
Tema: Diskant

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk!
Almal welkom!

09:30 Lynnwood Oord-diens
Johan Jooste

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr kategese)
Fay van Eeden
Jona Preekreeks 1#: Myne! (Jona 1)

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asb. ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Orrel Uitvoering

KMD Prof. Carsten Klomp van Heidelberg, Duitsland.
Werke: Bach, Rinck, Mendelssohn en Klomp.
Handel Concerto met Kamermusikante.
Wanneer: 20 Augustus 2017 om 15:00 in die Kerk.
Kaartjies: @R100. Besprekings by bets@nglynnwood.co.za, Sondae by die Info-toonbank of die kerkkantoor gedurende die week. Kunstenaars na Suid-Afrika gebring deur Lynnwood Gemeente. Moet dit nie misloop nie!

Bybelse Gemeente-ete: Fees van die Bome

Op 25 Augustus hou ons 'n gemeente-ete in die saal. Ons vind aansluiting by die Jode met *Die fees van die Bome*.
Koste R100 (volwassenes) en R50 (laerskoolkinders).
Bring asseblief eie eetgerei en glase.
Spyskaart is op die webblad – kom loer gerus!
Besprekings by bets@nglynnwood.co.za, Sondae by die Info-toonbank of die kerkkantoor gedurende die week.

Senior Kategese Ouers

Onlangse navorsing, wat in die boek *Skokkend positief* opgesom is, toon aan dat jongvolwassenes wat 'n sterk geloofsidentiteit het en by hulle gemeente betrokke bly die volgende in gemeen het:
- Hulle het saam met hulle ouers Bybel gelees
- Hulle het hulle ouers sien Bybel lees en hoor bid
- Hulle het saam met hulle ouers eredienste bygewoon
- Hulle ouers het gereeld hulle geloofstories of geloofservarings met hulle gedeel.

Ons wil graag by Lynnwood Gemeente spesiale geleenthede skep waar ouers en kinders saam oor die Bybel, en die betekenis daarvan vir vandag, kan nadink. Augustusmaand se aanddiens-preekreeks is so 'n geleentheid. Ons wil jou as ouer nooi om die boek Jona saam met jou tiener te kom ontdek. Terwyl die jongmense na afloop van die aanddiens verder saam dink oor Jona in hulle kleingroepe is jy welkom om in Koinonia 'n koppie koffie te kom drink. Daar sal ook elke Sondag op die afkondigingsblaadjie 'n gespreksvraag wees wat julle as gesin deur die loop van die week kan bespreek. Kontak gerus vir Fay 0834780854.

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	**Ringsitting (Stellastraat).**
Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. **Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Gemeentevroue Groep 11** 16:00 (Koinonia). **Ringsitting (Stellastraat).**
Woensdag:	**Ringsitting (Stellastraat).**
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Bybelstudie** 08:15 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Bewys van Lidmaatskap:

Danielle Aucamp, Delystraat 93, Ashlea Gardens, 083 616 4193.

Net 'n Oor
ondersteuningsgroep vir pleegmoeders.
Ya Bana

Mense het soms die idee dat hulle klomp geld, tyd of spesiale vaardighede nodig het vir naastediens. Dit is nie altyd so nie: net iemand wat luister (jou ore) kan 'n groot verskil maak.

Net 'n oor is 'n ondersteuningsgroep vir Ya Bana se pleegmoeders wat **een maal per maand** (gewoonlik die laaste Woensdag) gaan tee drink saam met die huismoeders. Om vriendin/mentor te wees vir 'n huisma, te gesels, te luister, om te sê: "ek sien jou, ek hoor jou, jy maak saak."

Ons ontmoet by Lynnwood NG kerk om 9:00. Die Ya Bana bussie sal ons kom haal en later weer aflaai. Die kuier is gewoonlik net 'n uur of twee. Daar is nie voorskrifte oor waaroor gesels moet word nie en spesiale opleiding of vaardighede is nie nodig nie.

Ya Bana beteken "vir die kinders" en is in Mabopane – Winterveld geleë. Ya Bana voorsien kwesbare - en weeskinders met permanente huise in 'n familie omgewing waar opgeleide huismoeders sorg, liefde en struktuur bied. Daar word vir 40 kinders (tussen ouderdomme 2 en 18 jaar) in 6 huise op die perseel gesorg.

Om ma te wees vir 6 tot 8 kinders van verskillende ouderdomme wat uit traumatiese omstandighede kom, is 'n reuse uitdaging en roeping. Hierdie ma's is helde, maar ook net mense. Hulle grootste behoefte is om gehoor te word - iemand wat net luister na hulle uitdagings, onsekerhede, vreugdes en drome.

*Bid asseblief hieroor en as jy belangstel om jouself op die manier beskikbaar te stel vir naastediens sal dit so baie beteken. Bel vir Naomi Brink by **083 534 4850** om meer uit te vind.*

Die volgende tee is op VROUEDAG - Woensdag 9 Augustus 2017.

Luister is soms die enigste aksie wat nodig is om iemand te help.

Kursus om as Spirituele begeleier opgelei te word

Die kursus word in 7 blokke van 3 dae aangebied oor 'n tydperk van 15 maande. Die klem lê op ervaring en inoefening. Meestal by Stellastraatgemeente van die NG Kerk in Brooklyn, Pretoria, en gedeeltelik by retreatsentra naby Pretoria.
Dit val onder toesig van die NG Ring van Suidoos-Pretoria en is ook met Excelsus van die NG Kerk gekoppel. Predikante kan 150 VBO-punte verdien. Daar is sewe aanbieders betrokke. Volgende jaar se kursus sal die negende een wees. Aansoeke sluit 30 September 2017 en die kursus begin op 18 Februarie 2018. Volledige inligting te kry by wnicol@mweb.co.za of 083 966 7831.

Dankoffer: Oorweeg asb. biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr: 540 580 014 (gebruik asb u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za) of *SnapScan*.

Snap here to pay
SnapScan

Die Kontak van dié week: Bell Pottinger en die mag van woorde

Bell Pottinger!

Die naam het onlangs bekendheid (lees berugtheid) in Suid-Afrika verwerf. As 'n internetgebruiker die webblad (https://bellpottinger.com) van hierdie omstrede maatskappy oopmaak, begroet die volgende woorde jou:

> *Bell Pottinger is a leading integrated, international reputation management agency. We help shape our clients' reputations, engage with diverse stakeholders across multiple channels, tell effective stories and run creative campaigns to enhance their brand and deliver commercial success.*

Genoemde webblad gee nie veel meer inligting oor die agtergrondgeskiedenis van die dié maatskappy nie. Op Wikipedia word 'n kort historiese oorsig gegee. Dit blyk dat die herkoms van Bell Pottinger teruggevoer kan word na 1985 en 'n ene Lord Timothy Bell wat onder andere ook 'n mediaraadgewer vir Margaret Thatcher was. Die maatskappy het verskeie oorgange beleef tot in sy huidige vorm. Lord Bell was tot onlangs nog verbonde aan die maatskappy, maar het homself onttrek na Bell Pottinger se werk vir die Gupta-familie in Suid-Afrika aan die lig gekom het.

Dit is nou reeds bekend dat Bell Pottinger na bewering 'n kommunikasieveldtog in Suid-Afrika gevoer het wat bygedra het tot die verhoging van rassespanning. Watter bydrae het die maatskappy gelewer? Terwyl daar sekerlik meer ter sprake is (dit kom voor asof hulle sosiale media gemanipuleer het deur van sekere negatiewe beriggewing oor die Gupta-familie ontslae te raak en dit met positiewe inligting te vervang) word hul veldtog veral aan 'n paar woordjies gekoppel, soos "witmonopoliekapitaal" en "radikale ekonomiese transformasie". Ja, sowaar! Net 'n paar woordjies! Hulle het die woordjies blykbaar nie eers uitgedink nie, net afgestof en op die voorgrond geplaas. "Witmonopoliekapitaal" en "radikale ekonomiese transformasie" moes ons aandag weglei van 'n ander woordjie, naamlik "staatskaping".

Bell Pottinger smous met woorde. En hulle verander woorde. (Op die Wikipediablad word gesê dat hulle selfs op Wikipedia, 'n internetensiklopedie wat deur die publiek geredigeer kan word, inligting verander het om hul kliënte te pas.) Hulle besluit watter woorde gehoor moet word en sorg dat dié woorde onder ons aandag kom. Hulle doof sekere woorde uit. Hulle gebruik woorde op 'n kreatiewe manier om 'n bepaalde effek te bereik, en so poets hulle hul kliënte se beeld om 'n bepaalde indruk te skep. Bell Pottinger glo in die mag van woorde. En hieroor is hulle reg!

Bell Pottinger se optrede in Suid-Afrika is 'n sprekende bewys van die mag van woorde. Met ons woorde kan ons maak of breek, opbou of vernietig, genees of verwond. Met ons woorde skep ons 'n bepaalde werklikheid. Die vraag wat ons dus onsself moet afvra, is: In watter soort werklikheid wil ons leef? Die antwoord op laasgenoemde vraag kan ons help met die antwoord op 'n ander vraag: Pas ons woorde by die werklikheid waarvoor ons 'n voorkeur het?

Watter werklikheid help jy om met jou woordkeuses te skep?

Groete
Eric Scholtz (Namens die predikantespan)

Nuwe generasie loods 'n verskeidenheid *uitreikprojekte* gedurende die jaar – kom loer gerus by www.nglynnwood.co.za en raak betrokke!

Het Jy Geweet?

ons is op Facebook!

Lynnwood Gemeente
Jeug NG Lynnwood
Nuwe Generasie (NG Lynnwood)
Musiek at Lynnwood Gemeente

Kom ons en gesels saam!

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asb in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Die Wilgers Aftree-oord: Eiendom te koop (prysverlaging vir dringend verkoop) – Ricky 081 708 2188.

Kraakvars *Classics*: Lig-klassieke Musiekproduksie vir die Kieskeurige Musiekliefhebber aangebied deur NG Kerk Jan Niemandpark. Kunstenaars: *André Swartz, Veramarie Meyer, Burgerd Botha, Charlotte Kilian, Henry van Dyk en Helena Ceronio*. Begeleiding: *Engeli le Roux en die Pretoria Simfonie-orkes*. Sondag, **27 Augustus 2017** om **16:00** in die Atterbury Teater, Daventrystraat 4, Lynnwood Manor. Kaartjies @ R180 – R200 beskikbaar by Computicket. Navrae: 012 471 1700 of e-pos info@atterburytheatre.co.za.

CMR 8ste Jaarlikse Golfdag op 30 Augustus 2017 vanaf 10:00 by Pretoria Country-klub, Sydneylaan 214, Waterkloof, Pretoria. Vir meer inligting of om in te skryf (sluit 28 Julie 2017) e-pos Anja of Mina by marketing@cmrn.co.za.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Werkloosheidsversekering (UIF): Huis-/tuinwerkers se werkloosheidsversekering moet nou deur die *u-Filing*-sisteem gedoen word. Kontak vir Isabel Mulder 082 448 5484 of aldiemulders@telkomsa.net vir hulp met die moeitelose omskakeling na die *uFiling*-sisteem.

Vervoer: Lynnwood Oord-inwoners na Glenfair elke 3e Woensdagoggend – Heléne Coetzer 012 348 1826.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of
SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Waterprobleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of of e-pos customercare@tshwane.gov.za.